

6

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

VOORAF

- Verversings kan gereël of gebring word.
- Onthou die prys vir die weners van die kompetisie.
- Maak 5 flitskaarte met die volgende gedagtes:
 - **My God is groot en magtig**
 - **Ons behoort by God**
 - **Jesus was sy dissipels se voete**
 - **Die Here pas ons op**
 - **God gebruik my al is ek klein**

OPENING

Open met gebed.

BEGIN SO

Die kinders kyk in hul werkboeke. Vra wat die tema van Les 1 was, en dan Les 2, ensovoorts. Plaas dan 'n opskrif met die tema teen die bord:

- **My God is groot en magtig**
- **Ons behoort by God**
- **Jesus was sy dissipels se voete**
- **Die Here pas ons op**
- **God gebruik my al is ek klein**

Doen hersiening van Les 1

- Laat 'n paar kinders vertel hoe dit nou met hul plantjie gaan en wat al alles daarmee gebeur het.
- Skerp die volgende by hulle in deur die vrae te vra en indien nodig die regte antwoorde te gee:
 - Waaruit het God die hemel en die aarde geskep? (*God het die hemel en die aarde uit niks geskep.*)

- Kan mense ook iets skep? (*Ja, maar net uit iets wat God reeds geskep het.*)
- Wie hou die skepping elke dag in stand? (*God hou elke dag sy skepping in stand.*)
- Wie het alles geskep wat ons ooit nodig sal kry? (*God.*)
- Voltooi die sinne:
 - Ons moet elke dag (*vir God dankie sê*) vir alles wat Hy geskep het.
 - Ons moet die skepping (*bewerk, versorg en oppas.*)
 - God alleen het die mag om sade in (*vrugte en groente*) te verander.
 - *Toe het God gekyk na* (*alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.*) (Genesis 1: 31)

Doen hersiening van Les 2

- Skerp die volgende weer by hulle in:
 - Ons Kerk is die **Hervormde Kerk**. (Noem ook die volle naam vir die kinders wat dit al wil leer: **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**.)
 - Petrus het vir die mense in Jerusalem oor Jesus gepreek.
 - Petrus het gesê: *Elkeen wat in Jesus glo, is 'n kind van God.*
 - Baie mense het geglo wat Petrus gesê het.
 - God het almal wat geglo het, deel gemaak van die kerk.
 - Almal wat geglo het, het van toe af gereeld by die kerk saamgekom.
 - Die Here verwag ook van ons om gereeld kerk toe te kom.
 - Hy wil hê dat ons Hom in die kerk moet dien en mekaar moet help.
- Laat hulle Psalm 23: 6b leer: *Ek sal tuis wees in die huis van die Here...*

Doen hersiening van Les 3

Skerp die inhoud van die les weer by hulle in deur die volgende vrae te vra en hulle reg te help wanneer nodig:

- Hoe was die klimaat en omstandighede in die land waar Jesus gewoon het? (*Dit was baie warm en stowwerig.*)
- Wat het dan met die mense se voete gebeur? (*Hul voete het baie vuil geword.*)
- Wie het almal se voete gewas voor hulle geëet het? (*'n Bediende.*)
- Vir wie was Jesus baie lief? (*Vir sy dissipels.*)
- Soos wie het Jesus sy dissipels se voete gewas? (*Soos 'n bediende.*)
- Wat het Jesus ons daarmee geleer? (*Hy het gewys dat kinders van die Here mekaar moet liefhê en dien.*)
- Voltooi die teks van Johannes 13: 15: *...soos ek vir julle gedoen het, (moet julle ook doen.)*

Doen hersiening van Les 4

Skerp die volgende by hulle in met die vrae van hierdie vrae. Help hulle reg as hulle nie kan antwoord nie.

- Waar het Naomi en haar familie gaan woon toe daar droogte in Betlehem was? (*In Moab.*)
- Met wie is haar seuns daar getroud? (*Met Orpa en Rut.*)
- Wat het Naomi en Rut gedoen nadat dit weer in Betlehem gereën het? (*Hulle het teruggegaan na Betlehem.*)
- Wie het vir Naomi gehelp en versorg? (*Rut.*)
- Waar het Rut koringare gaan optel? (*In Boas se lande.*)

- Met wie is Rut later getroud? (*Met Boas.*)
- Wie gee die Here vir ons om ons te help? (*Die Here gee vir ons ouers, familie, vriende en partykeer onbekendes om ons te help.*)
- Wie sorg altyd vir ons? (*Die Here.*)

Doen hersiening van Les 5

Vra die volgende vrae en help hulle reg waar nodig:

- By wie het Samuel in die tempel gaan bly? (*By Eli.*)
- Hoeveel keer het die Here na Samuel geroep? (*Drie keer.*)
- Wie het Samuel gedink roep hom? (*Hy het gedink dit is Eli.*)
- Wat moes Samuel doen as hy weer die stem hoor? (*Hy moes sê: "Praat Here, u dienaar luister."*)
- Watter verkeerde ding het Eli met sy kinders gedoen? (*Eli het nie sy kinders wat verkeerd gedoen het, gewaarsku of gestraf nie.*)
- Wat moes Samuel vir Eli gaan sê? (*Hy moes vir hom gaan sê dat God hom gaan straf.*)
- Waarvoor het God vir Samuel gebruik? (*Om sy boodskap oor te dra.*)
- Kontroleer of hulle die volgende kan voltooi:
 - God gebruik ons ook om vir Hom te werk al (*is ons klein soos Samuel.*)
 - Praat Here, (*u dienaar luister.*)

VASVRAKOMPETISIE

- Hou die vasvrakompetisie. Hou dit informeel sodat dit vir die kinders lekker kan wees. (Sien die vrae by Les 5.)
- Maak seker al die kinders se boeke is toe of laat hulle dit op jou tafel kom neersit.
- Oorhandig die prys aan die wenspan.

AFSLUITING

- Sluit af met Gesang 552: 1, of lees dit as 'n gebed.

*Liewe Vader ek sê dankie vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde het ons als van U gekry. Amen.*

- Verdaag vir verversings.